# Hoe lank is die ewige lewe?

**‘n Elohim-gegewe voorstelling van die ewige lewe.**

## Die dood is een deur daarheen!


In hierdie stuk is ‘n Elohim-gegewe prentjie van die lengte van die Ewigheid (ewige lewe), wat ‘n kerngedeelte van die evangelie behels. Het jy enige idee hoe lank “ewig” werklik is? Die volgende skrifgedeelte het vir Roy as jong seun altyd gefassineer want hy het verstaan dat jy nooit wes kan vind wanneer jy oos gaan nie en jy kon nooit oos kan vind as jy wes gaan nie.

**Psalm 103:12** So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.

Roy het verstaan dat die fisiese lewe as afstand verteenwoordig kan word. In 1980 het hierdie nuuskierigheid oor die ewige lewe oor hom gekom. Op een stadium het hy ‘n visioen gehad waar hy homself met ‘n redelike groot gehoor sien praat het. Dit was vir Roy moeilik om te glo, aangesien dit nie iets is wat hy geniet om te doen nie. Vader het vir hom in daardie tyd die openbarings gegee oor redding tot die ewige lewe.


Op ‘n dag vra hy toe: **“Yeshua, as ek met die mense oor redding tot die ewige lewe moet praat, sal U vir my iets gee om aan hulle te vertel oor die ewige lewe?”**

Yeshua antwoord:
"Neem die oppervlakte van die Aarde. Laat dit die ewige lewe verteenwoordig. Neem nou ‘n speld en prik die grond. Daardie speldeprik verteenwoordig jou huidige lewe. Hoeveel speldeprikke gaan dit neem om die hele aarde te bedek?"




Roy was verstom, want hy het geweet dit sal triljoene op triljoene speldeprikke neem om die aarde te bedek! Dit beteken triljoene op triljoene van ons huidige lewensduurtes.

Boonop vra Yeshua toe vir hom:
“Wat gebeur wanneer jy die speld in die grond druk net langs die een wat jy so pas gemaak het?”




Roy het die volgende prentjie in die visioen gesien. Hy kon sien dat wanneer die speld in die aarde langs die eerste speldeprik ingaan wat hy so pas gemaak het, het dit veroorsaak dat die oorspronklike gat weer opgevul word. Hoe meer speldeprikke daar rondom daardie eerste speldeprik gemaak word, hoe voller het die oorspronklike gat geword.

As jy dus die hele aarde met speldeprikke wou vul, sou jy nooit buitekant ‘n vierkante sentimeter beweeg nie want die gaatjies sal voortdurend weer gevul word.

Onthou, Yeshua het gevra: “Hoeveel speldeprikke gaan dit neem om die hele aarde te bedek?" Wat ‘n voorstelling! Wonder jy nog hoe lank ons gaan lewe of hoe lank die ewige lewe is?